MEDIATEEK

“Liglopers” is die inspirerende verhaal van Andries Hendrik Potgieter se reis van die donkerte van dwelmverslawing en homoseksualiteit na die lig van volkome verlossing en genesing. Andries Hendrik is ‘n direkte afstammeling van die Voortrekkerleier met dieselfde naam. Hy het saam met Sya van der Walt, ‘n politieke joernalis, hul verhaal aan Maretha Maartens vertel. Andries is as jong seun gemolesteer en was vir 5 jaar vasgevang in dwelmverslawing en homoseksualiteit.

Wat vir my die aangrypendste van die boek is, is dat Andries Hendrik erken dat Jesus Christus en ware Christelike liefde nie in die wêreld van homoseksualiteit of dwelmverslawing bestaansreg het nie. Homoseksualiteit bly sonde en dis ‘n geweldige getuienis in ‘n wêreld waar alles wat sonde is deesdae vergoeilik word. Dit is die tipiese verhaal van die verlore seun wat teruggekom het na sy vaderhuis toe. Die belangrikheid van volhardende gebed en volgehoue geloof vir uitkoms word duidelik geïllustreer deur Andries Hendrik se ouers wat aangehou bid en glo het vir hul seun se verlossing en bekering. Wonderlik om te weet dat wonderwerke nog gebeur.

Deur Henriëtte Boot